Ark Blitz

Hebreërs 7:25

Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos

Les 4 – LIG EN LEWE

Maats behandel 25: 23- 40 en 37

Binne die Heilige deel van die tabernakel het ‘n lig gebrand. Die lig het gekom van ‘n goue kandelaar wat aan die linkerkant of suidekant van die Heilige gestaan het. Die kandelaar of menorah het ‘n middelstuk, amper soos ‘n stam van ‘n boom en 3 takke of arms wat elke kant uitkom. Aan elke kant moes 3 blomkelke in die vorm van amandelbloeisels wees. Die amandelboom was die eeste boom in die Midde –Ooste wat pragtige wit bloeisels gedra het om die koms van die lente aan te kondig. Bloeisels is ‘n teken van nuwe lewe. Die kandelaar het 7 lampies gehad. Suiwer olyfolie is gebruik om die pit wat in die lamphouers was te laat brand. Die hele kandelaar was gemaak uit 34kg goud en moes dag en nag brand, sodat die priesters dag en nag hul werk in die tabernakel kon doen. Jesus sê in ***Joh 8:12 “ Ek is die Lig vir die wêreld. Wie My volg sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.”*** Sonde maak dat jy in donkerte lewe. Jy het Jesus wat die lig vir die wêreld is nodig.



Die kandelaar se lig het op ‘n tafel wat aan die noorde kant of regterkant van die Heilige staan geval. Dit was die tafel vir die offerbrood, gemaak van doringhout. Dit was 1m lank, ½m breed en ‘n ¾m hoog oorgetrek met suiwer goud met 4 goue ringe aan die 4 hoeke van die tafel, sodat draaghout daardeur gesteek kon word om dit te vervoer. Op die tafel was daar altyd 12 brode neergesit- 2 stapels van 6 elk. Die Here het gesê dat daar altyd brood in sy teenwoordigheid moet wees. Op die tafel was daar ook skottels,panne, kanne, en komme van goud, om te gebruik vir die drankoffers. Een maal per week moes die priesters die brood omruil met nuwe varsgebakte brood. Die priesters kon dan die brood eet. So het die Here ook in die behoeftes van die priesters voorsien. Die 12 broode het die 12 stamme van Israel voorgestel. Dit moes die volk herhinder dat hulle gedurig onder God se beskerming en sorg is. Jare later het Jesus die mense vertel van ander brood wat God gee wat vir die wêreld lewe gee. In Joh6:35 sê Jesus: “ ***Ek is brood wat lewe gee***…” . Die lewe waarvan Jesus praat is die ewige lewe.





- Gebreide vel
- Swart bokhaar
- Rooi ramsvelle
- Goedgeweefde linne met blou, pers en rooi borduurwerk
- Doringhout raam